

# Markvergadering – 17 April 2024

## Mielies

- Die VSA uitvoer inspeksies van mielies wat maandag vrygestel is, is gerapporteer op 1,331 miljoen ton wat in lyn met die markverwachting was wat tussen 1.2 en 1,5 miljoen ton gewissel het.
- Die USDA het in hul weeklikse aanplantings verslag aangedui dat 6% van die VSA mielie oes geplant is, wat in lyn is met die 7% wat verlede jaar gesien is en die 5 jaar gemiddeld van 5%.
- VSA Etanol produksie het week-op-week afgeneem na 'n daaglikse gemiddelde van 1,056 miljoen vate/dag in die week 05 April geëindig.
- Die USDA het verlede week in hul verslag die 2023/24 VSA mielie eindvoorraad op 2.122 miljard skepels geskat, wat hoër was as die markverwachting van 2.102 miljard skepels en laer as die Maart skatting van 2.172 miljard skepels.
- Die USDA het die 2023/24 wêreld mielie eind voorraad geskat op 318.28 miljoen ton wat hoër was as die markverwachting en laer as Maart se skatting.
- Die USDA het hul Brasiliaanse mielie oesskatting onveranderd gehou op 124 miljoen ton en hoër as die markverwachting. Die Argentynse mielie oesskatting is op 55 miljoen ton geskat, teenoor die 56 miljoen wat verlede maand geskat is en effens laer as die markverwachting.
- Die Brasiliaanse konsultasie maatskappy Safras & Mercado het sy skatting vir die land se totale mielie produksie vir die 2023/24 seisoen effens verhoog na 4,966 miljard skepels (126.1 miljoen ton).
- Die Buenos Aires graanbeurs het sy skatting vir Argentinië se 2023/2024 mielie produksie met 4,8% verlaag tot 1,949 miljard skepels (49.5 Miljoen ton).
- Oekraïne kan hierdie maand soveel as 23,6 miljoen skepels mielies na China uitvoer volgens Spike Brokers. Oekraïne se totale mielie uitvoere gedurende die 2023/24 bemarkings jaar sal waarskynlik 866,1 miljoen skepels (21.9 miljoen ton) bereik. Moonlike kanselasies?

## Soja

- Die VSA uitvoer inspeksies van sojabone wat maandag vrygestel is, is gerapporteer op 432 905 ton wat in lyn met die markverwachting was wat tussen 375 000 en 600 000 ton gewissel het.
- Die VSA NOPA sojaboon pers syfer vir Maart maand is op 196.406 miljoen skepels gerapporteer, wat nou die hoogste syfer op rekord is.

- Die USDA het in hul weeklikse aanplantings verslag aangedui dat 3% van die VSA sojaboon oes geplant is, wat in lyn is met verlede jaar se 3% en die 5 jaar gemiddeld van 1%.
- Die USDA het verlede week in hul verslag die 2023/24 VSA sojaboon eindvoorraad op 340 miljoen skepels geskat, wat heelwat hoër was as die markverwagting van 317 miljoen skepels en hoër as die Maart skatting van 315 miljoen skepels.
- Die USDA het die 2023/24 wêreld sojaboon eind voorraad geskat op 114.22 miljoen ton wat hoër was as die markverwagting en in lyn met Maart se skatting.
- Die USDA het hul Brasiliaanse sojaboon oesskatting onveranderd gehou op 155 miljoen ton en was hoër as die markverwagting. Die Argentynse sojaboon oesskatting is op 50 miljoen ton geskat wat onveranderd was van verlede maand en effens laer as die markverwagting.
- Die Brasiliaanse konsultasie maatskappy Safras & Mercado het sy skatting vir die land se 2023/24 soja oes effens verhoog na 5,557 miljard skepels (151.23 miljoen ton). Ten spyte van warm, droë toestande vroeër in die seisoen, verwag die meeste entiteite steeds dat hierdie seisoen se sojaboon produksie 5,5 miljard skepels sal oorskry.
- Die Brasiliaanse konsultasie maatskappy AgRural skat dat 84% van die land se 2023/24 soja oes tot 11 April geoes is, teenoor 78% die vorige week. Dit is effens agter verlede jaar se pas van 86%.
- Die Buenos Aires graanbeurs het sy skatting vir Argentinië se 2023/24 sojaboon produksie verlaag met 2,9% na 1,874 miljard skepels (51 miljoen ton).

### **Koring**

- Die VSA uitvoer inspeksies van koring wat maandag vrygestel is, is gerapporteer op 551 278 ton wat hoër as die markverwagting was wat tussen 350 000 en 550 000 ton gewissel het.
- Die USDA het in hul vorderings verslag aangedui dat 7% van die VSA lente koring oes geplant is, wat voor die 2% is wat dieselfde tyd verlede jaar geplant is en in lyn met die 5 jaar gemiddelde van 6%. Die USDA het aangedui dat 55% van die VSA winter koring oes goed/uitstekend is, wat 1% laer week/week is en in lyn met die markverwagting.
- Die USDA het in hul verslag die 2023/24 VSA koring eindvoorraad op 698 miljoen skepels geskat, wat effens hoër was as die markverwagting gesien op 690 miljoen skepels en hoër as die Maart skatting van 673 miljoen skepels.
- Die USDA het die 2023/24 wêreld koring eind voorraad geskat op 258.27 miljoen ton wat effens laer was as die markverwagting en in lyn met Maart se skatting.

- Oekraïne se koring uitvoere gedurende die 2023/2024 bemarkings jaar het 532,8 miljoen skepels (14.5 miljoen ton) bereik tot en met 10 April en 791,3 miljoen skepels (20.09 miljoen ton) mielie uitvoere, volgens die jongste data van die land se landbou ministerie.
- Die Russiese konsultasie maatskappy Sovecon skat dat die land se koring uitvoere in April tot 161,7 miljoen skepels (4.4 miljoen ton) sal daal, wat 'n maandelikse afname van 8,3% sal wees as dit gerealiseer word.
- FranceAgriMer berig dat 64% van Frankryk se 2023/24 sagtekoring oes tot 8 April in 'n goeie tot uitstekende toestand was. Dit is laer as die vorige week se 65% en ver onder verlede jaar se 94% tot dusver.
- Strategie Grains konsultasie skat dat die EU koring produksie in die 2024/25 seisoen 4,475 miljard skepels (121.7 miljoen ton) sal bereik. Dit is effens hoër as sy vorige skatting, maar sal 3% laer wees as verlede seisoen se produksie, indien gerealiseer. Die EU mielie produksie kan 3% jaar-tot-jaar verbeter met 'n skatting van 2,496 miljard skepels (63.3 miljoen ton).